Waco noteer dalk op die JSE

Elma Kloppers

Die Suid-Afrikaanse nywerheidsdienstegroep Waco International het gister bespiegelings bevestig dat hy dit oorweeg om op die JSE Sekuriteitebeurs te noteer.

Volgens mnr. Royden Vice, uitvoerende hoof, is Waco stewig op koers met sy planne wat moontlik 'n notering nader aan die einde van die jaar kan oplewer.

Waco, wat in steierwerk en modulêre geboue spesialiseer, is bedrywig in Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Brittanje, Chili en die VSA.

Vice het gister aan *Sake* gesê danksy die land se gunstige ekonomiese omstandighede het dit sakesin om in Suid-Afrika te noteer.

Hoewel die groep 'n notering in Australië ernstig oorweeg het, het die mark in Australasië, wat die helfte van die groep se verdienste verteenwoordig, in die afgelope twee maande begin afkoel. Daarteenoor vertoon die Suid-Afrikaanse mark sedert Oktober verlede jaar uiters gunstig.

Hy glo 'n notering sal die groep in staat stel om sy uitbreidings- en groeiplanne in bestaande en nuwe markte te bespoedig.

Waco kyk veral na die moontlikhede vir die uitbreiding van sy modulêre onderneming in Suid-Afrika. In Brittanje was dié afdeling uiters suksesvol met die oprigting van modulêre geboue in die mediese sektor. Modulêre geboue, wat vooraf vervaardig word, is sowat 60% goedkoper as gewone geboue.

Die groep, met 'n markwaarde van sowat R4 miljard, het die afgelope jaar sy aggressiewe groeistrategie voortgesit en onder meer die ondernemings van die Nieu-Seelandse steierwerkmaatskappy Australasian Pacific vir R70 miljoen verkry asook Cape Contracts in Suid-Afrika vir R28 miljoen.

Waco was voorheen op die JSE Sekuriteitebeurs genoteer as deel van die W&A-groep, maar het sowat vyf jaar gelede gedenoteer nadat 'n konsortium van private ekwiteitsmaatskappye die groep oorgeneem het.

◁ COLLEGE HILL ▷
Press cutting

Tel +27 11 447 3030
Email info@collegehillir.com
www.collegehill.com

Reproduced by College Hill Associates Ltd.
The contents of the publication from which the above extract has been taken are copyright works and without prior permission may not be copied further.